

18 Januarie

Skrifgedeelte: Nahum 2 & 3 (NAV)

God verbreek mag wat misbruik word

Om vanuit 'n negatiewe werklikheid 'n positiewe toekoms raak te sien, is bykans onmoontlik. Veral as die mag uit jou hande geneem is. Ons moet egter verder kyk as werklikheid en toekoms. God is bo werklikhede en toekoms verhewe. Die Here gee vir sy volk die belofte dat Hy hulle eer sal herstel (2:2). Hiervoor sou Hy Assirië (en Nineve) vernietig. Tog sou die belofte nie met die ondergang van Assirië in vervulling gaan nie. Na Assirië is Juda nog erger deur Babel verneder.

Wat kan ons dan van God binne die werklikheid van die geskiedenis en in die toekoms verwag? Die Here beeld op poëtiese wyse die ondergang van 'n magsbeluste wêreldmoondheid uit. 'n Mag wat homself van God losgemaak het en hom verlaat op sy militêre vermoëns, sy finansiële welvaart en sy politieke veelsydigheid. Só 'n mag het selfgesentreerd geword en dra die kiem van magsmisbruik in hom, maar ook die kiem van vernietiging. Die ondergang tref so 'n moondheid deur sy rykdom weg te neem (2:9), hom politieke te ontklee (3:5) en militêr te knak (3:12vv).

Daarom sal elkeen wat magsugtig is kragdadig deur die Here vernietig word. Hierdie sekerheid word ook teenoor Babel geprofeteer wat kwaad bedink het teen die Seun van God en sy bruid (kerk) (Op 18). Alle mag behoort aan die Koning van die konings, Jesus Christus (Matt 28:18). Al gaan dit nie vandag in vervulling nie, mag die kerk nou reeds uitsien na 'n blink toekoms.

Maar dan moet elkeen ook weet: Mag word in Christus uitgeoefen. Dán dien dit tot heil van die onderdane. Mag buite Christus om lei tot magsmisbruik en stuur op 'n ramp af.

Sing: Psalm 18:17,20

Ds CA Jansen (Welkom-Noord)